**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersiening No.: 1683/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

teen

**SHADRACK KABESE**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | KRUGER *et* VAN DER MERWE RR |
| **UITSPRAAK:** | KRUGER R |
| **GELEWER OP:** | 25 NOVEMBER 2004 |

---

[1] Die beskuldigde is aangekla op 'n klagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer deurdat hy die klaagster met gebalde vuiste geslaan het en 'n tweede klagte was een van onsedelike aanranding deurdat hy die klaagster betas het en haar broekie probeer aftrek het. Hy het onskuldig gepleit maar is deur die landdros te Botshabelo skuldig bevind aan Aanranding op klagte 1 en daarvoor gevonnis tot R200,00 of 40 dae gevangenisstraf. Hy is ook skuldig bevind op klagte

2 en tot 30 maande gevangenisstraf gevonnis.

[2] Ek het ‘n navraag aan die landdros gerig en gevra of die vonnis nie te swaar is nie.

[3] Terwyl ek op rondgang was het die redes teruggekom en het my Ampsbroer Van der Merwe R met die aangeleentheid gehandel. Die landdros sê dat hoewel dit ‘n stewige vonnis is dit nie te swaar is nie. My Ampsbroer het ‘n navraag aan die landdros gerig en gevra of hier nie ‘n verdubbeling van skuldigbevindings plaasgevind het nie.

[4] Die landdros skryf dat die beskuldigde die klaagster eers met die vuis teen die kop geslaan het, haar op die grond gegooi het en daarna onsedelik aangerand het. Hy sê in die onderhawige geval is die getuienis op een klag nie voldoende om aanklag twee te bewys nie en verwys na **R v VAN DER MERWE 1921 TPD 1**. Die landdros sê in die onderhawige geval bevat aanklag 1 nie dieselfde bestanddele as aanklag 2 nie en is daar twee misdade met

verwysing na **R v GORDON 1909 EDC 254**. Hy is dus van mening dat hier nie 'n verdubbeling van skuldigbevindings is nie. Mens moet versigtig wees om te veel waarde aan voorbeelde te heg: In **R v GORDON**, *supra*, p. 269 sê Mason R:

> "*Judicandum est ex legibus sed non exemplis* Roman-Dutch law."

[5] Die klaagster getuig dat sy die beskuldigde ken hulle was op die betrokke aand om 11.30 by 'n sjebeen. Sy het na buite na die toilet gegaan en die beskuldigde buitekant teëgekom. Sy gaan voort:

> "Hy druk my teen die muur en slaan my met die vuis teen die regterkant van die kop en gooi my toe neer. Hy trek my rok op en druk dit oor my gesig. Beskuldigde probeer my broekie aftrek, maar slaag nie daarin nie. Ene Mokotsho daag op en vra vir beskuldigde wat doen hy. Beskuldigde vloek toe vir Mokotsho en Mokotsho slaan hom met die vuis."

[6] Dit is duidelik dat daar so 'n noue verband tussen die ten

laste gelegde handelinge is dat hulle as ‘n enkele deurlopende gebeurtenis beskou moet word. (**<u>S v TOTO</u> 1993 (1) SASV 654 (OK) op 659 b-d**.) Al die handelinge waarop die klagtes gebaseer was, was op dieselfde tyd en plek gepleeg teenoor dieselfde klaagster.

(**<u>S v LABUSCHAGNE</u> 1997 (2) SASV 6 (NK) op 12 g-h**.)

[7] Die “bewystoets” en “deurlopende handeling met ‘n enkele opset of enkele oogmerk” is twee praktiese hulpmiddels wat na gelang van die omstandighede gebruik kan word. **<u>S v BENJAMIN EN ‘N ANDER</u> 1980 (1) SA 950 (A) op 956 E-H**. Laasgenoemde hulpmiddel is hier meer gepas.

[8] Na my mening was hier een oorheersende oogmerk (“dominant intention”). Sien **<u>S v PETERSON AND OTHERS</u> 1971 (2) SA 130 (R) op 132, veral by H.** Die getuienis dui daarop dat die beskuldigde vir klaagster onsedelik wou aanrand. Trouens, uit die getuienis blyk dat hy haar wou verkrag en hy haar inderdaad waarskynlik sou verkrag het as die ander Staatsgetuie nie verby gekom het en hom met

die vuis teen die kop geslaan het nie. Ek begryp nie waarom die beskuldigde nie van poging tot verkragting aangekla was nie. Dit lyk asof die landdros hom vir daardie misdaad gevonnis het op klagte 2, vandaar my navraag. Feit is egter dat hier net een misdryf gepleeg is nl. onsedelike aanranding. Om daardie rede moet die skuldigbevindings en vonnisse tersyde gestel word. Die beskuldigde se vuishou was uitgevoer met die oog op die onsedelike aanranding, wat die oorheersende oogmerk was.

[9] Die skuldigbevindings en vonnisse van die landdros word geskrap en met die volgende vervang:

1. Die beskuldigde word onskuldig bevind op klagte 1 (Aanranding met die opset om ernstig te beseer).
2. Die beskuldigde word skuldig bevind aan klagte 2, onsedelike aanranding en gevonnis tot ses maande gevangenisstraf.
3. Die vonnis word ingevolge artikel 282 van die Strafproseswet 51 van 1977 geag opgelê te gewees het op 25 September 2004.

**A. KRUGER, R**

EK STEM SAAM:

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

/ec